DR. A. VAN SELMS, *Licht uit Licht.* Het Christelijk Geloof naar de Belijdenis van Nicea. Uitgeverij Ploegsma—Amsterdam C, 1948, 212 bls., prys f 5, 90.

Dr. Van Selms is professor in die Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria, en dit mag as iets buitengewoons gemeld word dat iemand van die Semitiese Lettere, al is hy ook teoloog, 'n boek oor die Geloofsbelydenis van Nicea skryf. Die boek het ook inderdaad onder buitengewone omstandighede ontstaan. Dr. Van Selms was in die afgelope oorlog as offisier van die Nederlandse leër in Indië 'n krygsgevangene op Java. Sy mede-krygsgevangenes het hom toe gevra om kursusse te gee oor die christelike geloofsleer. Hy het dit gedoen en, so het hierdie geskrif ontstaan. 'n Geskrif vanaf agter die doringdraad! Dit wil 'n vertolking wees van die ou Niceense Geloofsbelydenis wat net soos die

Apostoliese Geloofsbelydenis 'n ou doopsimbool is wat uit die doopformule gegroei het. Hierdie Niceense Geloofsbelydenis is ook een van die simboliese geskrifte van die Hervormde Kerk, dit word met name as sulks aanvaar in artikel IX van onse Nederlandse Geloofsbelydenis.

Dr. Van Selms beklemtoon die kinderdoop en wys op 'n gevaar wat in die volwasse-doop skuil, naamlik dat mens kan gaan dink dat die doop as beloning op grond van die belydenis geskenk word. Hy is oor die kinderdoop kort maar saaklik, en diegene wat onder invloed van Barth daarna oorhel om die kinderdoop te verwerp, kry 'n antwoord.

Ons wil nie hier verder op besonderhede ingaan nie, maar die boek met warmte aanbeveel aan alger wat begerig is om saaklik met Nicea kennis te maak. Dit is in 'n mooi taal geskrewe, wat die genot om dit te lees, verhoog. Ons is dankbaar vir hierdie geskrif van dr. Van Selms.

S. P. Engelbrecht.